Skriflesing: Romeine 7:7-26
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 2**
Teks: Romeine 7:24-25
Sing- Ps.84:2,5; Ps. 130:1,2; Ps.133:1,2

Waar ons vanoggend ons troosboek by Sondag 2 oopgemaak het, broeder en suster, is daar baie wat sal sê, watter tipe troos is hierdie?! Ons hoor van ellende, ons hoor van haat, ons hoor van die wet! Is dit regtig moontlik om my te troos as ek van sulke dinge moet hoor. Moet nie te vinnig wil antwoord nie. Ons belydenis in die Kategismus ken ons eintlik beter as wat ons onsself ken. Ons wil seker nie dit graag hoor nie, maar weet u 'n mens dink miskien jy ken jouself, maar eintlik as ek van dag tot dag moet toets wie is die swakste kenner van myself dan is dit ekself!

Kom ons vergeet eers die werklikheid van wie ek is, en dit wat sonde is en dit wat sonde in my lewe doen. U het seker agtergekom die Kategismus doen dit ook. Sondag 1 by vraag 2 het gevra hoeveel dinge ek moet weet om in hierdie troos wat die Kategismus ons wil gee *salig te lewe en sterwe.* En dan daardie drie dinge, en wat eerste staan- *Hoe groot my sonde en ellende is…*Nou kom Sondag 2 en vra nie oor jou sonde nie, maar oor jou ellende…***Waaruit ken jy jou ellende?***

***

Ellende is natuurlik 'n baie interessante woord. Letterlik beteken el-lendig- om uit-landig te wees. Ons is uit ons land uit…bedoelende daar waar ons moes wees, ons is nie daar nie. Ons eintlike plek, daar waar alles begin het, daar in die paradys, ons kan dit noem daardie mooi, skoon en volmaakte land is weg. Die koninkryk van God, God se dierbare koninkryk wat in landsterme, riviere, bome, minerale, rondom die eerste mense was, en die heerlike gemeenskap met God daar, is ingeruil vir die swakste transaksie wat daar seker nog ooit was. Om God se koninkryk uit te gaan, in te ruil vir wat ellendig is, en die manier hoe die mens hierdie ooreenkoms, hierdie transaksie met God beklink het is skande op skande. Dit walg, ons grootste ellende, is die walging van die doodsbestaan waarin die mens homself geplaas het.

***

Dit gaan wyer as net die sonde wat daar gedoen was. Sonde het altyd gevolge, want het die mens sy paradys, sy land verloor, hy was nou ellendig. Ons sê dit nie genoeg vir

mekaar nie, maar om ellendig te wees, dit wat ons in onsself is, is in werklikheid ballingskap waarin ons onsself geplaas het.

En nou vandag, baie jare na die paradys het ons nog altyd met baie ellende te doen. Meer en meer ellende, en is daar nie ’n dag wat ellende nie deel van ons lewens-spyskaart is nie. Ek hoef dit nie alles te noem nie. Die spanninge wat daar in jou en my lewe is, die gebroke gesinne, verkragtings, moord, geweld, ag ons sal tot vanaand kan opnoem, hoekom daar iets soos dood bestaan, dit alles begin hier. In ellende kan mense al dieper en dieper vasgevang raak.

Maar kom ons besef hoekom daar in hierdie gemors waarin ons is, tog wel ook vir ons troos bestaan. Die Kategismus is ’n troosboek, dit moet ons altyd onthou. Hoe wil die Kategismus jou in Sondag 2 troos. Deur vir jou te sê, ellende is nie net iets waaraan jy blootgestel is en jy niks daaraan kan doen nie. Nee, jy mens, jy kan jou ellende ken! *Waaruit ken jy jou ellende?*

***

Ag broeder en suster, die antwoord is selfs korter as wat die vraag is, maar met watter geweldige antwoord het ons te make. Ek ken my ellende uit die Wet van God! Die Wet - baie mense vererg hulle sommer by voorbaat by net die hoor van die woord WET. Ander mense dink weer hulle ken die Wet, hulle sal vir jou dalk selfs die Tien gebooie uit hulle koppe uit opsê, maar nog steeds het hulle eintlik nie ’n benul wat die werklike betekenis van die Wet is nie. Dit is ’n baie ou probleem. Toe Jesus op aarde was, was dit een van die grootste probleme onder die Jode, spesifiek onder die mense wat wetgeleerdes genoem is, maar ook beslis in ons tyd, in baie mense wat hulleself kinders van die Here noem, tog verstaan hulle nie die werklike betekenis van die Here se Wet nie.

Paulus het in Romeine 7 ons voorgegaan, maar ons moet eintlik dadelik ook Romeine 3 vasgryp. Die Kategismus is eenvoudig in Romeine 3 ingegiet, want lees ons in Romeine 3:20 die presiese woorde van ons belydenis…*want deur die wet is die kennis van die sonde.* Die wet is die sleutel tot die kennis van ons ellende. En nou het Jesus in Lukas 11 juis vir sulke wetgeleerdes gesê- *Wee julle wetgeleerdes, want julle het die sleutel van*

die kennis weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie, en vir die wat wou ingaan, het julle verhinder. As die wet se ware betekenis nie begryp word nie, dan sal so een nooit sy eie ellende ken nie, maar selfs maak so een sy ellende nog groter omdat hulle maak of hulle die wet ken maar hulle ken nie die ware betekenis van die wet nie.

Ons moet dadelik vanoggend ook erken alleen die Heilige Gees kan ’n mens se verstand so verlig om die Wet van God reg te verstaan. Mense wat ook die Heilige Gees hierin weerstaan soos ons in Handelinge 7:51 van sulke mense lees hulle sal ook nooit die ware betekenis van die wet ken nie.

Hoe slim mense in ons tyd ook al geword het, en moet nie ’n fout maak nie, vandag se mense is baie slim. Rekenaars en tegnologie, satelliete en radar, noem op, op sovele gebiede, ook op die gebied van die mediese wetenskap. Daar is ’n ontploffing van kennis, maar kom dit by die kennis van ons ellende, kom dit by die verstaan van die Here se wet, dan is ons baie keer maar net soos een van daardie gemeentes die een in Laodicea aan wie die Here een van die sewe briewe geskryf het- *Jy sê: ek is ryk en het verryk geword, maar jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie…* Dit wil selfs begin voorkom hoe slimmer die mens dink om te wees hoe swakker is sy kennis van sy ellende.

Dis sulke ellendige kennis, ellendige kennis van die Here se wet wat gemaak het dat mense Jesus gekruisig het. Hulle wat veronderstel was om God se wet goed te ken , hulle kla Jesus by Pilatus aan, en dit nogal in die naam van die wet dat Jesus ’n godslasteraar is. Hulle sê mos ook vir Pilatus- *ons het ’n wet en volgens die wet moet hy dood* (vgl. Joh.19:7). In naam van die wet kan ’n mens eintlik die grootste oortreder denkbaar van die wet word. Dit gaan om die hardkoppigheid van die mens, die mens wat weier om die heiden in sy hart te erken. Stefanus in Handelinge 7 kort voor die klippe om hom sou reën, het eintlik dit so goed raakgesien. Op hulle wat hom aangluur, daardie hardkoppigheid en onbesnedenheid van hart is die opbou van die weerstand- Stefanus draai nie doekies om nie- *julle weerstaan altyd die Heilige Gees* en dan sê hy verder in

v.53 iets merkwaardig- *julle wat die wet deur die beskikking van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie!...*

Die latere Godsman, Paulus, hy staan daar naby as Stefanus praat, hy pas die klipgooiers se klere op, hy meen ook hy staan in belang van die wet. Sulke kennis van die wet laat daardie mense die eerste klippe optel om Stefanus daarmee te gooi, hulle gooi hom pap, hulle gooi hom dood en Paulus het werklik geglo dit is reg. In sy ywer waar hy ook geglo het dit is wat die wet van ons eis het hy net nog verder hulle wou vervolg wat hulleself as volgelinge van Christus onderskei het.

'n Onderskeiding wat hy nie gehad het nie, en op die dag van onderskeid, op die pad na Damaskus (Hand 9) val daar iets skille van sy oë af, want dit wat die wet werklik moet beteken het hom voorgekeer soos nog niemand vir Paulus gekeer het nie. Hy die groot man van die wet, maar toe God hom voorkeer, toe die ware wet, toe die volle betekenis van die wet hom eers beetgepak het, toe word hy 'n man van God wat nou sy eie ellende ken. In Romeine 7 staan die betekenis van Sondag 2, die hele verloop van Sondag 2 eintlik so duidelik. Paulus redeneer oor die wet – *Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie, want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê: Jy mag nie begeer nie…*

En dan kom die punt van die Kategismus in Romeine 7 net nog duideliker uit- telkens as Paulus na homself kyk, selfs ook gedagtig hoe oortuig hy was Stefanus moet dood gemaak word, dan is hy in homself so geskok, so teleurgesteld- *Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood.* Hy voel homself maar nog dieselfde man as die een wat hy daar in Romeine 3 mee in gesprek was- - *Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hul keel is 'n oop graf, met hulle tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder die lippe. Hulle mond is vol vervloeking en*

bitterheid. Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie.

As Paulus homself so ellendig noem, hy skryf eintlik ’n getuigskrif oor homself wat ons saam met hom moet lees, is my en jou vraag of ons getuigskrif van onsself enigsins beter lyk. Jy mag miskien so dink maar dan het die wet nog nie in jou lewe begin werk nie. Dit werk in ’n mens se lewe soos in ’n baie donker vertrek. Jare en jare se rommel en gemors kan daarbinne gegooi word en daarbinne ophoop. Solank daardie vertrek stikdonker bly pla dit nie eintlik nie, maar nou gebeur die wonderlike wat die wet doen. Die helder deurdringende lig van die wet begin skielik die vertrekke van jou lewe te verlig, en in hierdie lig wat nou al hierdie vertrekke inskyn sien jy werklik die gemors en chaos en ellende raak. Jou eie ellende, die gemors van my eie lewe kom deur die wet aan die lig. Soos ’n krokodil of ’n pofadder kan die vertrekke van my lewe baie onskuldig daar eenkant toegesluit staan, ’n krokodil lyk niemand kwaad aan te doen nie, maar pasop as jy jou hand daarna uitsteek, dan skrik ’n mens, dan skrik jy vir jouself. Die wet laat jou eintlik wakker skrik. Jy sien dan dinge soos wat dit is!

***

Die wet wat oor jou en my lewe moet begin skyn, die wet in sy geheel, want dit gaan nie om hoofstuk soveel, paragraaf soveel nie. U sal agterkom so werk die Kategismus nie! Jy mag dalk al die gebooie goed ken, jy sal hulle van voor en van agter en van agter na voor mag opsê, maar dit is nie werklik wat die wet is nie. Die wet is nie in die eerste plek die tien gebooie om dit alles te ken nie, want wel het die Here al die gebooie gegee, maar nogtans is daar net één wet. Die wet is net één nl. jy moet liefhê! Nie eers die wet en dan God nie, maar eerste moet jy God liefhê, jy moet jou naaste liefhê, dan sal jy ook vir sy wet lief wees.

Met hierdie wet en die eis van hierdie wet sê die Here baie duidelik aan ons dit gaan nie om hierdie of daardie gebod, van dood slaan, egbreuk pleeg, of steel of wat al die gebooie ook is nie, maar al hierdie gebooie, al staan dit dalk negatief geskryf - jy mag nie…jy mag nie…dit is altyd weer gebind aan dit wat die wet eintlik positief is- jy moet liefhê. Al die gebooie kan ek nakom maar as ek nie die liefde voorop stel nie, broeder en suster,

skrik dan vir jouself as ons weer in die spieël kyk. Dit is wat die wet in alles is. Liefde vir God en liefde vir ander mense, wat nie jy of ek mag besluit wie jou naaste is nie, maar hulle wat deur God die naaste aan jou geplaas word, hulle is jou naaste. As ons nie dieselfde vertrekpunt van die Wet ons eie maak soos wat die Kategismus dit doen nie, jou hart, jou siel, jou verstand, al jou kragte, wat eintlik ons hele lewe omvat en dit alles word nie gedoop, word nie gedompel in die een wet van jy moet God liefhê, jy moet jou naaste liefhê. Liefde vir God en jou naaste hang in alles ten nouste saam. Wie sy medemens nie liefhet nie, het God ook nie lief nie.

En nou is ons deur hierdie één wet voor ’n spieël gestel. Ons moet dikwels as ons van die wet praat eintlik dit soos ’n spieël hier voor ons sien. En ek sien ek ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Dit wat Paulus hier sê, dit was in die Romeinse ryk letterlik so gedoen. Hulle manier van teregstelling was as iemand ’n baie lae en gemene misdaad gepleeg het en so iemand word dan tot die dood veroordeel dan het hulle daardie persoon letterlik met gesig aan gesig aan die lyk van ’n reeds doodgemaakte mens vasgebind en so was die liggaam van die dood aanmekaar voor die veroordeelde tot hy dan ook doodgemaak is. *Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood…?*

Soos ’n spieël hier voor ons, so sien ons dit. Terwyl dit gebeur, ek sien in die dooie liggaam my eie dood, dit is hoe ellendig my stryd is, ek kan daarvan nie loskom nie. Die wet laat jou dit alles sien, juis omdat nie jyself die spieël vashou nie, maar die spieël is in Christus se hande. As jy en ek self die spieël vashou dan sal ons dit wegruk, skielik wegkyk, ek sal nie wil sien wat ek besig is om na te kyk nie, maar nou met die spieël in Christus se hande kan nie ek of enigeen die spieël wegklap nie.

En daar kom die genade, daar kom die troos in Sondag 2. Christus is deel ook van Sondag 2. Ons moet Christus agter die wet sien en ons moet sy stem in hierdie een wet hoor van… *jy moet liefhê.* Mense het deesdae slim praatjies as dit by hierdie liefde kom. Hulle maak asof dit te sentimenteel is, moet nie liefde-liefde verkondig nie, moet nie

hiervan praat, moet nie aanmekaar van vrede en liefde praat nie, dit pas my nie. Dadelik wie is ek om dit te sê , as dit God is wat met jou Sy liefde opeis.

Die spieël, die wet waarin ek moet kyk, waaruit ek my ellende moet ken is nie in my hande nie, maar in Christus se hande! . Watter troos, al word sy naam nog nie genoem nie! Hy is reeds deur sy wet teenwoordig. En as sy Heilige Gees die harde hart breek, dit word saamgevat hoe groot Sy liefde vir jou is, dan word my beskaming net nog groter. Maar dit is genade as ’n mens nog oor jouself skaam word, as jy kan raaksien, hoe vuil, hoe morsig, hoe aaklig, hoe walglik ek my in my doodsbestaan, hoe walglik ek myself in die lig van die Wet bevind!

Dit wat ek en jy in die spieël raaksien, is wat ek en jy van nature is. Van nature geneig om God en my naaste te haat. Ja haat in plaas van liefde. Die feit dat ons eintlik wegskram om nie van die liefde te praat nie, is reeds ’n bewys van die haat wat daar dan in my is! Dit is ons oor wie dit hier gaan, broeder en suster! Nie ander mense, hulle wat nooit in ’n kerk kom nie. Ons, dis hoe ons lyk as ons in die spieël van Christus kyk. Van nature geneig om te haat- soveel meer rede om vandag uit te roep- *ek ellendige mens.* Na alles moet dit vandag gaan of ek werklik dink ek ’n ellendige mens is. Wie dit dink…*dank God deur Jesus Christus onse Here.*

AMEN

Vrae uit Sondag 2

1. Sal ongelowige mense (mense wat nie die wet van God het nie), sal hulle ook weet dat dit sonde is wat die wêreld so ’n ellendige plek maak, ’n plek van oorlog en haat en bakleiery?
2. Wat beteken dit om ’n ellendige mens genoem te word?
3. Is dit nodig dat die Heilige Gees ook saam met die wet in jou lewe moet werk voordat jy werklik die betekenis van die wet sal verstaan?
4. Wat het die Here aan die kerk in Laodicea geskrywe? (Kyk Op.3:17)
5. As jy die wet in een woord moet saamvat wat sal jy sê?
6. Kan ek God en my naaste 100% liefhê?
7. As jy na jou eie lewe kyk dink jy dat jy die oordeel van God verdien?
8. Vgl. Sondag 52 van die Kategismus V/A 127, oor wat daar van ons sondige natuur gesê word.

Die ellende van die mens Sondag 2 tot 4

SONDAG 2